1989, kolomme 7306-7). Tydens die seminaar het dit verder geblyk dat dit beoog word om in die Wet te bepaal dat Matrieklatyn ook voldoende sal wees vir toelating as advokaat.

- Al sou wetgewing op die basis vermeld in die voorafgaande paragraaf aanvaar word, sal dit universiteite vanselfsprekend vrystaan om steeds Latyn I (of 'n hoër vereiste) by hulle LLB-leerplanne in te sluit.

Argumente by seminaar

Gewigtige argumente vir en teen die behoud van Latyn is by die seminaar aangevoer, en skrywer sal nie eens probeer om dié argumente hier saam te vat nie. (Daar kan egter aanvaar word dat die verrigtinge elders betreklik volledig geboekstaaf sal word.)

Latyn I — vereiste van baan

Wat vir huidige doeleindes werklik van belang is, is dat as gevolg van die tydsverloop tussen die vermelde Natalse en Transvaalse hofuitsprake en die Appèlhofuitspraak, dit prakties gesproke nie vir die wetgewer moontlik is om die Latyn I-vereiste ooit weer te laat herleef nie. Die onvermydelike gevolg is dus dat hoogstens 'n Latynvereiste op Matriekvlak deur die wetgewer vir advokate voorgeskryf sal kan word.

Gevolgtrekking

Daar bestaan hoë waardering vir die toewyding van klassici en soos reeds in vorige uitgawes van hierdie tydskrif uitgespel, word die waarde van Latyn wel deeglik besef, veral met die oog op die algemene vorming van regstudente. Klassici en universiteite kan dus, wat skrywer betref, altyd reken op die volle samewerking van advokate om Latyn I sover moontlik minstens as keusevak vir die LLB-leergang te behou. Maar om in 'n Wet van die Parlement te bepaal dat 'n kursus op sekondêre (dws Matriek-) vlak geslaag moet word alvorens iemand as advokaat toegelaat kan word, sal na skrywer se mening nie deug nie. So 'n bepaling sal nie alleen die advokatuur se beeld belemmer nie; dit sal gewoonweg nie sinryk wees nie, vir sover Matrieklatyn heeltemal onvoldoende is om iemand in staat te stel om die ou regsbronne, wat in Latyn geskryf is, te vertaal en te interpreteer. Indien Matrieklatyn nodig geag word om toegang tot die LLB-leergang te verkry (soos bv Matriekwiskunde vir B Comm (Rek)) kan daar van ander aanvaarde metodes gebruik gemaak word om die gewenste resultaat te verkry eerder as om dit by wyse van 'n Wet van die Parlement te bewerkstellig.

Dit kan ook nouliks aanvaar word dat die wetgewer 'n bepaling aangaande die toelatingsvereistes tot die advokaatsberoep sal goedkeur wat strydig is met 'n besluit van die Algemene Balieraad van Suid-Afrika. (Hier word verwys na die Raad se besluit verlede jaar dat die Latynvereiste geskrap moet word.) Tradisioneel word sodanige wetgewing nie sonder instemming van die betrokke beroep se beheerliggaam deurgeloods nie en dit behoort ook nie in hierdie geval te gebeur nie.

Indien die betrokke vereiste geskrap word, sal dit meebring dat die hele aangeleentheid in die hande gelaat word van universiteite — waar dit in der waarheid tuishoort. Dit is begryplik waarom die wetgewer vereistes vir advokate ten opsigte van die twee amptelike tale neergelê het. 'n Wetlike vereiste ten opsigte van Latyn is egter nie geregverdig nie en moes in die eerste instansie nooit by 'n wet ingelyf gewees het nie. Die ondervinding het geleer dat enige wetsbepaling wat nie logieserwys verantwoordbaar is nie, probleme skep, en dit is presies wat met die bepaling aangaande Latyn gebeur het.

J P J Coetzer SC ■

'Reforming' the profession

Pursuant to the Lord Chancellor's proposals concerning the legal profession (see Ralph Zulman, 'The Green Paper' in the previous edition of *Consultus* and also 'The Green Papers — The next instalment' in the present edition) the following picture painted by Charlotte Buckhaven in the *New Law Journal*, 10 February 1989, is illuminating, — if not disconcerting:

The city firms likely to arise, for example, from the Lord Chancellor's proposals should on present form offer the punter the run of an Alice in Wonderland hypermarket in which estate agency is handled by the solicitor, conveyancing by the estate agent, any subsequent litigation by the licensed accountant and probate by the travel agent. Specialist members of the Bar, like prunes, will presumably be stored in a withered condition and boxed to save office space, to be soaked and rehydrated as required. Outside London we can presumably expect to see a different situation; small hybrid firms in which all the professional services are offered in the Basil Fawlty mode by the same person wearing a succession of different hats. The prospective lifestyle of these practitioners brings the story to mind of an applicant for the post of chauffeur to a peppery landowner in the north of England who went for an interview with his prospective employer.

"I'll want you up at half past five to polish the car," said the old buffer, "At seven you'll lay the fires, cook breakfast and wash up. At nine you'll get into uniform to drive me to the station. You'll dig the garden until twelve; cook lunch, wash up; take my wife shopping; pick me up at four; more digging. Dinner's to be served sharp at seven, washed up, the kitchen scrubbled and the silver polished. Any questions?"

"Yes," said the applicant, "Would you like me to make a few bricks in my spare time?"